

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 34: B'midbar (במדבר) – In Die Wildernis

יהוה het met Moshe gepraat in die wildernis van Sinai, in die Tent van Ontmoeting, op die eerste dag van die tweede maand, in die tweede jaar nadat hulle uit Egipte uitgetrek het en gesê: Num. 1:1 – PWL¹

Torah: Num. 1:1 tot 4:20.

Haftorah: Hosea 1:10 tot 2:22

Nuwe Verbond: Luk. 22:30; 1 Pet. 2:9; Open. 4:1 tot 11; Open. 7:1 tot 8; Open. 21:12; Luk. 22:26; 1 Tim. 3:1 tot 7; Titus 1:5 tot 9.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 34 wat afgelaai kan word by: [Parashah34Notas15](#) en [Parashah34Notas16](#)

I want deliberately to encourage this mighty longing after God. The lack of it has brought us to our present low estate. The stiff and wooden quality about our religious lives is a result of our lack of holy desire. Complacency is a deadly foe of all spiritual growth. Acute desire must be present or there will be no manifestation of Christ to His people. He waits to be wanted. Too bad that with many of us He waits so long, so very long, in vain. – A. W. Tozer.

Many deceptions only appeal to us because there is something inside us that "wants" to believe them. They are seductive because of darkness and wrong motives in our own lives. We must search our hearts and root these out – Andrew Strom.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Theologians today are mostly concerned with protecting what little we have left rather than fighting to regain all that we have lost – King

Torah Bespreking

Numeri: In Die Wildernis

Die Griekse vertalers van die Tanakh, wat die die Septuagint genoem word, het op grond van die sensusopname in hoofstukke 1 en 26 die naam Numeri, wat *geteldes of getalle* beteken, aan die vierde boek van die Torah gegee. Die oorspronklike Hebreeuse naam is egter *B'midbar* wat *in die wildernis (woestyn)* beteken. Hierdie naam is meer toepaslik aangesien dit 'n beskrywing is van die bykans 38 jaar wat Israel in die woestyn geswerf het.

Daarom kan Num. 9:17 as een van die sleutelverse van hierdie boek beskou word:

Wanneer die wolk van bo die tent af opgelig word, het die kinders van Yisra'el weggetrek en op die plek waar die wolk stilstaan, daar het die kinders van Yisra'el kamp opgeslaan.

B'midbar is die geskiedenis van hoe Israel vanaf die voet van die berg Sinai getrek het tot by Kades op die grens van die Beloofde Land Kanaän. Dit wat veronderstel was om 'n reis van slegs enkele weke te wees het toe bykans 38 jaar geduur weens Israel se wantroue in die beloftes van YHWH toe hulle geluister het na die 10 verkenners en nie bereid was om YHWH te volg nie!

Waarlik, nie een van die manne wat uit Mitzrayim opgetrek het, van twintig jaar oud en ouer, sal die land sien wat Ek aan Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het nie, want hulle het My nie volkome gevolg nie, behalwe Kalev, die seun van Y'funneh, die K'niziet en Y'hoshua, die seun van Nun, want hulle het יהוה volkome gevolg. Num. 32:11 en 12.

Die inhoud van Numeri kan kortliks soos volg opgesom word: Israel het van Sinai af weggetrek en by Kades aangekom waar die verkenners slegte gerugte oor die Beloofde Land onder die volk versprei het met die gevolg dat Israel nie Kanaän wou binne gaan nie. Die gevolg hiervan was dat Israel vir 38 jaar in die wildernis sou swerf. In hierdie tyd het die ouer geslag gesterwe en sou die nuwe geslag Kanaän binnegaan.

Die inhoud van hierdie boek kan ook in twee verdeel word:

1. Num. 1:1 tot 10:10 – Onderrig en instruksies terwyl Israel nog by Sinai kampeer.
2. Num. 10:11 tot 36:13 – Israel se swerftog in die wildernis wat ook soos volg verdeel kan word:
 - ❖ Num. 10:11 tot 25:18 – die tydperk in die wildernes terwyl die ouer geslag uitsterf.
 - ❖ Num. 26:1 tot 36:13 – die voorbereiding van die “nuwe” nageslag om die beloofde land in besit te neem.

Ten spyte van Israel se wantroue en hardnekkigheid het Moses getrou gebly in sy roeping en Israel al die jare in hulle wildernistog gelei as die middelaar tussen YHWH en Israel. Soos met die goue kalf aanbidding het Moses ook namens Israel by YHWH-God ingetree om Sy volk nie uit te wis vir die feit dat hulle YHWH nie volkome (volhardend) wou volg nie, maar om hulle te vergewe.

Ek vra U, vergewe die boosheid van hierdie volk volgens die grootheid van U liefdevolle sagtheid, net soos U hierdie volk van Mitzrayim af tot hiertoe vergewe het. Num. 14:19.

Daarom is Moses 'n sinnebeeld van Yeshua ons Middelaar onder die genade van die nuwe verbond.

³want dit is goed en aanvaarbaar voor God, ons Lewegewer, ⁴wat wil hê dat alle mense lewe sal hê² en sal terugkeer na die kennis van die waarheid, ⁵want God is Een en die Middelaar tussen God en die mense, die Mens, Yeshua, Die Gesalfde Een, is Een. ⁶Hy wat Homself gegee het as 'n Losprys vir elke persoon; 'n Getuienis wat op die bepaalde tyd gekom het.

1Tim. 2:3 tot 6.

Israel se wildernistog is 'n les in die mislukkings (nederlae, wantroue en ongehoorsaamheid), asook die suksesse (oorwinnings, vertroue en gehoorsaamheid) in Israel se wandel saam met YHVH. Maar dit is ook 'n herinnering dat YHVH 'n God van oordeel (strafgerigte) en genade (seëninge) is.

Na meer as 'n jaar sedert hulle uittoeg uit Egipte en aan die voet van Sinai moet Israel hulle gemakzone ('comfort zone') verlaat en in vertroue die tog na Kanaän aanpak. Numeri is die geskiedenis van Israel vanaf die eerste dag van die tweede maand van die tweede jaar nadat hulle uit Egipte vertrek het (Num. 1:1) tot en met die 11 maand van die veertigste jaar (Deut. 1:3). Israel se swerftog in die wildernis het begin op die twinstigste dag van die tweede maand van die tweede jaar (Num. 10:11).

Die boek van Numeri begin met die vorming van 'n militêre gevegeenheid om Israel op sy tog na Kanaän te beskerm en om die Beloofde Land in besit te neem. Israel verlaat Sinai as 'n militêre mag met YHVH self as 'Bevelvoerder' en met die opdrag om YHVH se koninkryk in Kanaän te gaan vestig!

Numeri is ook 'n les in YHVH se getrouheid, en dit ten spyte van Israel se ontrouheid (ongehoorsaamheid). Dit is 'n herinnering dat YHVH 'n getroue Verbondsgod is en daarom sal nie een woord wat Hy gespreek het leeg na Hom toe terugkeer nie!

⁹Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom liefhet en Sy opdragte gehoorsaam, ¹⁰maar aan die wat Hom haat, betaal Hy dit terug in hulle gesig, om hulle te vernietig. Hy sal nie terughou teenoor dié wat Hom haat nie, Hy sal hom in sy gesig terugbetaal. Deut. 7:9 en 10.

¹⁰want soos die reën en die sneeu van die hemel afkom en nie daarheen terugkeer sonder om die aarde nat te maak en dit te laat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter, nie, ¹¹so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My toe terugkom, sonder om te bereik wat Ek begeer en sonder om voorspoedig te wees in dit waarvoor Ek dit stuur, nie. Jes. 55:10 en 11.

Die land Kanaän wat YHVH met 'n eed aan Abraham, Isak en Jakob belowe het, sal deur Israel in besit geneem word, en dit ten koste van die geslag wat in die wildernis gesterf het, omrede hulle YHVH nie as die getroue verbondsgod vertrou het nie (Num.32:11). Hierdie dien vir ons elkeen as 'n les in die noodsaaklikheid om YHVH in alles te vertrou soos wat die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons herinner:

Sonder vertroue kan geen mens Hom tevrede stel nie, want hy wat nader aan God gebring word, is dit verskuldig om te vertrou dat Hy bestaan en die Beloner is van dié wat Hom soek.
Heb. 11:6.

Die gebeure in die boek van Numeri is ook 'n waarskuwing van die gevolge indien ons nie YHVH se woord en Sy beloftes glo nie en daarom dit wat Hy ons beveel nie doen nie.

Numeri is ook bevestiging dat YHVH 'n God van onverdiende guns is. Israel het niks gedoen om die Beloofde Land te verdien, maar YHVH wil Sy eiendomsvolk seën met 'n land waar Hy in hulle midde kan woon en waar die hele Israel as eensgesind volgens YHVH se geestelike- en regeringstruktuur Hom kan dien en oorfloed lewe deelagtig kan wees. Al wat YHVH van Sy volk vereis, is vertroue en gehoorsaamheid.

Dit geld steeds vir ons vandag. Elkeen wat bely dat Yeshua Die Gesalfde Een is, moet met vertroue in YHVH en in gehoorsaamheid aan Sy Torah van die nuwe verbond – die Torah van Yeshua van die Melgisédek priesterorde – lewe.

In Numeri gaan ons ook leer van die gevolge van rebellie teen YHVH se gekose leiers (Num. 16:1 tot 34). Dit herinner ons aan die woorde van Paulus in sy brief aan die Filippense:

³Moet niks doen uit tweespalt of in leë eer en lof nie, maar in nederigheid van gedagte moet die een sy naaste hoër ag as homself. ⁴Moet ook nie elkeen vir sy eie dinge omgee nie, maar elkeen ook vir dié van sy naaste. Fil. 2:3 en 4.

Numeri is bevestiging dat YHVH soewerein is en dat Hy selfs 'n pratende donkie in die uitvoering van Sy soewereine wil sal gebruik (Num. 22:28)! Selfs die sekulêre profeet Bileam het geprofeteer van die Messias wat soos 'n ster uit Jakob te voorskyn sal kom (Num. 24:17). Hierdie is ook bewys dat YHVH ons nie nodig het om Sy Meesterplan uit te voer nie, maar dat dit ons is wat Hom nodig het!

Numeri is ook 'n herinnering en bevestiging dat YHVH Yeshua ons voorsiener in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam is. In Numeri is ook die getuienis dat Yeshua alleen die ware lewe gee:

¹⁴en net soos Moshe die slang in die wildernis opgelig het, so sal die Seun van die mens opgelig word ¹⁵sodat elke mens wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê. Joh. 3:14 en 15 (Num. 21:9)

Soos Israel van ouds drink ons ook almal vandag uit die geestelike rots, naamlik Yeshua die Messias.

en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was Die Gesalfde Een. 1 Kor. 10:4 (Num 20:8).

In vele opsigte is Israel se swerftog in die wildernis vergelykbaar met ons swerftog in die wildernis van hierdie wêreld. Daarom is Israel se wilderniservaring ook relevant vir ons in hierdie dae. En daarom skryf Paulus in sy brief aan die Korinthiërs (1 Kor. 10:1 tot 12) die volgende:

¹My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, ²almal deur Moshe ingedoopt is in die wolk en in die see, ³almal dieselfde geestelike kos geëet het ⁴en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle

het gedrink uit 'n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was Die Gesalfde Een.

⁵Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis. ⁶Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie ⁷en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: "Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel." ⁸Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie. ⁹Laat ons nie ook Die Gesalfde Een toets soos sommige van hulle Hom getoets het en slange hulle vernietig het nie. ¹⁰Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het en deur die vernietiger vernietig is nie. ¹¹Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. ¹²Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Soos die kinders van die ouers wat uit Egipte bevry was, gewaarsku was om nie dieselfde foute as hulle ouers te maak nie, net so word ons gewaarsku om nie dieselfde foute as Israel te maak nie. En ja, ook nie dieselfde foute as ons eie voorouers te maak nie!

Soos die kinders van die ouers wat van die slawejuk van Egipte bevry was die geslag was wat Kanaän in besit moet neem, so is ons die nageslag wat die Koninkryk van God in besit moet neem, veral omdat die einde van die wêreld (einde van dae) by ons aangekom het.

Ons is ook elkeen besig met ons eie wildernistog in hierdie wêreld. Laat ons uit die geskiedenis van Israel leer om nie ook dieselfde foute te begaan nie!! Laat ons in gehoorsaamheid en vertrou die tog na die Beloofde Land, die Hemelse Koninkryk, onderneem.

Bepeins od Bespreek

1. Hoe dikwels dra jy en ek die gevolge omrede ons YHVH nie volkome vertrou en Hom onvoorwaardelik volg nie? Hoe dikwels luister ons na ander stemme en nie na die stem van die Afgesonderde Gees nie? Hoe dikwels is ons direk verantwoordelik vir ons eie hartseer en teenspoed weens ons eie hardkoppigheid en ongehoorsaamheid? Ons wil graag YHVH se beloftes ontvang, maar ons vrees dikwels om dit in besit te neem. Israel moes die Beloofde Land, Kanaän, in besit neem deur vertrou in YHVH se beloftes en deur die vyand te oorwin!
2. Is ons bereid om ons eie gemaksones te verlaat om die Koninkryk van God te help vestig? Is ons bereid om die Afgesonderde Gees (die wolk) volkome te volg? Die werklike vraag is: Is jy en ek 'n dissipel (Luk. 14:26 tot 33, veral verse 26, 27 en 33) of 'n volgeling van Yeshua? Volgelinge is diegene wat net wil ontvang en nie wil gee nie! Dit is die aanhangers van die voorspoedlering (*Health and wealth teaching*). Om 'n ware dissipel te wees is om jou gemaksones en eie belange prys te gee ter wille van die uitbreiding van YHVH se Koninkryk! Dit herinner ons aan die gelykenis van die ponde (Luk. 19:11 tot 28) waar die pond weggeneem word van die dienskneg wat nie gewoener het met wat hy ontvang het nie. Wie is die vyande van Yeshua (vers 27)? Is Yeshua se vyande dan ook die wat Torah-ongehoorsaam is, want hulle weier dat die Torah van Yeshua oor hulle heers?
 - Norman Willis (Nazerene Israel, <http://www.nazareneisrael.org/>) skryf die volgende in sy artikel: Definition: Disciple – *The disciples were all good soldiers of Elohim. They placed their Commander and His mission to redeem fallen mankind ahead of any and all personal wants or needs. This is a key discipleship trait. However, there is*

even more to it than that. There is also an aspect of proving one's trust and faith in Elohim, by forsaking all trust in material possessions in the world. Notice how Yeshua told the rich young ruler that before he could enter the kingdom of Elohim, he had first to give up his possessions (as His disciples also had done).

3. Ons almal het persoonlik ondervinding van 'n wildernis-ervaring. Was dit noodwendig 'n negatief of was dit die plek waar Vader-God jou beskerm het, vir jou gesorg het en Homself aan jou openbaar het? Hoeveel het jou wildernis-ervaring bygedra om jou by die geestelike vlak te bring waar jy huidig is?
4. Hoe kon Israel wat eerstehands die almag en liefde van YHVH ervaar het steeds murmureer en ongehoorsaam gewees het? Is dit nie omrede Torah op kliptafels geskryf was en nog nie op die tafels van hulle harte nie?? Vergelyk *Shavuot* by Sinai met *Shavuot* in Jerusalem. Het ons nie almal YHVH se liefde, almag, beskerming, voorsiening, ens. al ervaar nie? En tog kan ons so maklik murmureer!!

Die Banier van Yeshua

(Hersiening van verlede jaar se notas)

Telkens waar Israel kamp opgeslaan het, was die tabernakel altyd in die middel met die twaalf stamme van Israel in 'n bepaalde volgorde rondom die tabernakel. YHVH het dus letterlik in die midde van sy volk gewoon!

יהיה het met Moshe en Aharon gepraat en gesê: “Die seuns van Yisra'el moet kamp opslaan, elkeen by sy eie banier, langs die embleem van hulle vaders se huise; op 'n afstand, rondom die Tent van Ontmoeting, moet hulle kamp opslaan. Num. 2:1 en 2.

Vandag wil YHVH steeds in die midde van sy volk woon. In die midde van elkeen wat bely dat Yeshua die Lam van God is.

Die Boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, 'n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is.
Joh. 1:14.

Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. Joh. 14:23.

Volgens Levitikus hoofstukke 1 tot 4 is dit duidelik dat YHVH 'n God van orde is. Hy het die hemel en die aarde gescape uit dit wat woens, leeg en donker was (Gen. 1:2). Hy het die natuurwette en die geestelike wette daar gestel om orde te handhaaf. Daarom sien ons YHVH se organisasie struktuur vir Sy volk in plek kom.

Elke Israeliet moes sy tentwoning oprig by die bepaalde banier en familie embleem waarvan hy lid was. Elkeen van die vergadering (gemeente) van Israel het dus gewet waar sy plek is en wat sy verantwoordelikheid is.

Israel het in tente gewoon en moes telkens as die wolkkolom beweeg, alles oppak en saam trek tot waar die wolkkolom weer stop. Die Psalmdigter skryf in Psalm 107 dat Israel het aanhoudend getrek, want hulle kon geen bewoonde stad vind nie. Eers in Kanaän het hulle reistog op 'n einde gekom. Luister hoe die Psalmdigter Israel se swerftog beskryf:

*¹Loof en prys יהוה met uitgestrekte hande, want Hy is goed, want Sy goedheid duur vir ewig!
²Laat die vrygekooptes van יהוה so sê, wat Hy losgekoop het uit die hand van die onderdrukker ³en versamel het vanuit die lande, uit die ooste en die weste, uit die noorde en uit die eilande in die see. ⁴Hulle was verdwaald in die wildernis, in 'n plek sonder water; hulle kon nie die regte pad na 'n bewoonde stad vind nie. ⁵Honger en dors het hulle lewe inmekaar laat krimp. ⁶Toe het hulle na יהוה uitgeroep in hul moeilikheid en Hy het hulle uit hul benoudheid bevry ⁷en hulle gelei op die regte pad om na bewoonde dorpe te gaan.
⁸Laat die regverdiges van יהוה Hom loof en prys met uitgestrekte hande, want Sy goedheid is op die seuns van die mens, ⁹want Hy bevredig die lewe wat verlang en vul die honger lewe met goedheid.*

Dit is hoe ons onself in hierdie wêreld bevind. Ons is op reis na die Beloofde Land – YHVH se Hemelse Koninkryk wat Hy eendag hier sal vestig nadat Hy alles nuut gemaak het. Ons reis het begin met wedergeboorte – toe ons van die slawejuk van sonde deur die folterdood en opstanding van Yeshua bevry was. Ons vind ook geen geskikte stad nie, want ons oë is gevestig op die nuwe Jerusalem. Ons trek onder die banier van Yeshua!

Wanneer Israel van ouds opgetrek het om te gaan veg of op hulle trek na die beloofde land, het elke stam onder sy eie banier getrek. Die banier is die teken van sy outoriteit en aan wie hy behoort. Dit is ook die samebindende faktor wat sê: 'Ek behoort by....' en dit het eenheid en 'n samehorigheidsgevoel gebring.

Die stam van Juda, Issaskar en Sebulon was aan die Oostekant direk voor die ingang van die tabernakel. Juda se familieteken was 'n goue leeu op 'n rooi agtergrond. Yeshua het gekom uit die stam van Juda en is ondermeer bekend as die Leeu van Juda (Open. 5:5). Hierdie is dus 'n heenwysing na Yeshua Messias as die Koning van alle konings. Die feit dat Juda ook voor die ingang na die tabernakel gekampeer het, verwys ook na Yeshua as die deur (die weg) na die waarheid wat lewe gee (Joh. 10:9 en 14:6).

Aan die suidekant van die tabernakel het die stamme van Ruben, Simeon en Gad gekamp en aan die westekant het die stamme van Efraim, Manasse en Benjamin gekampeer. Die stamme van Dan, Aser en Naftali het aan die Noordekant van die tabernakel gekampeer.

Moses, Aäron en die priesters se tente was ook aan die Oostekant van die tabernakel, terwyl die drie families van die Leviete aan die oorblywende drie kante van die tabernakel hulle tente opgeslaan het. Dit was die drie seuns van Levi en hulle nageslag: Gerson aan die westekant, Kehat aan die suidekant en Merari aan die noordekant (Numeri 3).

Dit is steeds vandag YHVH se begeerte om in die midde van sy kinders en die gemeente (vergadering) te wees. YHVH was die Argitek en Bouer van die Tabernakel en kampuitleg. Net so moet Yeshua steeds vandag die Argitek en Bouer van die gemeente wees. As YHVH (Yeshua) die huis nie bou nie, tervergeefs werk die bouer wat daaraan bou (Ps. 127:1).

Indien die “bouwerk” nie volgens YHVH se plan is nie, sal dit tot niet gaan. Hy wil die middelpunt wees van elke mens se lewe, asook van die gemeentelêwe, terwyl Yeshua steeds onder ons tabernakel (woon). Dit is elkeen se keuse of YHVH toegelaat sal word om deur vertroue in Yeshua die middelpunt van ons daaglikse lewe te wees.

Die feit dat elke stam sy eie vaandel (identiteit) gehad het, is ook 'n herinnering dat ons nie eenders is nie, maar wel een (eensgesind) in Yeshua is. Israel het as 'n geordende eenheid van plek tot plek getrek, maar het altyd laer opgeslaan volgens hulle vandel (Num. 2:34).

Wanneer die tabernakel wegtrek, moet die Leviete dit afbreek en as die tabernakel rus, moet die Leviete dit oprig en die vreemdeling wat naderkom, moet gedood word. Die seuns van Yisra'el moet hulle tente opslaan, elkeen in sy eie kamp en elkeen by sy banier, volgens hulle leërafdelings, maar die Leviete moet kamp opslaan rondom die tabernakel van die Getuienis sodat daar geen toorn oor die vergadering van die seuns van Yisra'el kom nie en die Leviete moet in beheer wees van die tabernakel van die Getuienis.”
Die seuns van Yisra'el het dit so gedoen; net soos יהוה Moshe beveel het, so het hulle gedoen.
 Num. 1:51 tot 54.

Open. 21:9 tot 27 maak dit baie duidelik dat die ware Israel steeds in twaalf stamme verdeel sal wees, want die nuwe Jerusalem sal twaalf poorte hê:

Dit het ook 'n groot, hoë muur met twaalf poorte gehad en by die poorte twaalf engele en hulle name is geskryf, die name van die twaalf stamme van Yisra'el. Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte en aan die westekant drie poorte en die muur van die stad het twaalf fondamente gehad en daarop was die name van die twaalf afgevaardigdes van die Seun. Open. 21:12 tot 14.

Maar die bannier wat oor al twaalf stamme en oor al twaalf afgevaardigdes (apostels) sal wapper is die bannier van Yeshua Messias!

Soos Moses kan ons ook uitroep: יהוה is my Banier – Yahuah-Nissi!

15Moshe het 'n altaar gebou en dit genoem: “יהוה-Nissi (יהוה-my-Banier)” 16en gesê: “Yah het gesweer! יהוה sal oorlog maak teen `Amalek van geslag tot geslag.” Ex. 17:15 en 16.

Dit is onder die outoriteit van YHVH wat Moses die volk in die wildernis gelei het en die vyande oorwin het. In Yeshua is YHVH ons banier en kan ons met dieselfde outoriteit ons bediening, naamlik dit wat Sy opdrag vir ons elkeen se lewe is, uitoefen.

Vir die wat vervolgd word en vrees, is daar bymekaarkomplek onder YHVH se banier waarheen ons met vrymoedigheid kan gaan!

U het aan die wat u vrees, 'n banier gegee, om te vlug vir die boog! Sela. Sodat u bemindes gered mag word; verlos deur u regterhand en verhoor ons! Ps. 60:6 en 7 – AOV 1953.

In Hooglied 2:4 lees ons:

Hy het my na die wynhuis gebring en sy banier oor my is die liefde.

Wanneer ons in liefde en gehoorsaamheid die Torah van Messias gehoorsaam dan is ons onder Sy banier van liefde saamgebind. Dit is die samebindende faktor vir Sy kinders. Yeshua se banier is vreugde en gemoedsrus vir ons, maar dit is vrees vir ons vyande!

Yeshua sal die Banier (Sy Naam, Karakter en Outoriteit) ophef vir die nasies aan die einde van dae en hulle saamnooi om te deel in Sy eenheid.

Hy sal 'n banier ophig vir die nasies van ver en vir hulle fluit vanaf die einde van die aarde en let op, hulle sal gou, met spoed, kom. Jes 5:26.

Dan, in daardie dag, sal die nasies hulle toevlug neem na die Wortel van Yishai, wat sal staan as 'n Banier vir die volke en Sy rusplek sal wonderlik wees. Jes.11:10.

Lig 'n banier op die kaal berg op; roep hulle hardop toe, waai met die hand sodat hulle die deure van die edeles kan binnegaan. Jes.13:2.

So sê יהוה-God: Let op, Ek sal My hand ophig na die nasies en My banier oprig na die volke en hulle sal julle seuns in die arms bring en jou dogters sal op die skouer gedra word. Jes. 49:22.

Die banier van Yeshua wapper oor die Melgisédek priesterorde en nie oor die orde van die Leviete nie!

In Hebreeus word die naam Levi (לוי) *lamed, vav, yod* gespel en is afgelei van die werkwoord *lavah* wat *lamed, vav, heh* gespel word en wat *aanmekeer bind; saamvoeg* en *verenig* beteken, met ander woorde om dit wat geskei is weer saam te voeg of bymekaar te bring. Ons sien hierdie betekenis toe Lea geboorte geskenk het aan haar derde seun:

*Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan 'n seun en gesê: “Nou **hierdie keer sal my man met my verenig wees omdat ek vir hom geboorte gegee het aan drie seuns.” Hy is daarom Levi genoem.** Gen. 29:34.*

Die profetiese betekenis hiervan is dat die stam van Levi vir Israel by wyse van die Torah van Moses (die boek van die wet) weer met YHVH verenig het na die verbreking van die verbond (boek van die verbond) met die aanbidding van die goue kalf. Dit het gedien as die tugmeester (gids) tot Yeshua se koms as Messias (Gal. 3:24 en 25). Maar met die nuwe verbond was die skuld betaal toe Yeshua aan die folterpaal in die plek van Israel vir die verbreking van die verbond gesterf het. Die verbondsverhouding soos YHVH dit beplan het, is dus herstel. Die rol van die Levitiese priesterorde was dus afgehandel en YHVH het die Melgisédek priesterorde heringestel.

In Yeshua is ons nou met YHVH verenig en is die priesterorde teruggegee aan die eersgeborenes – aan elkeen wat weergebore is! Yeshua is nou ons ewige nie-Levitiese Hoofpriester volgens die orde van Melgisédek!

Bepeins of Bespreek

1. Is die feit dat die twaalf stamme elk sy eie vaandel gehad 'n aanmoediging (goedkeuring) van YHVH om ons eie kulturele identiteit te behou? Dink aan die veelkleurige kleed van Josef (Gen. 37:3). Is daar nie ook 'n gevaar daarin om alles te wil ver-Hebreeus nie? Ons is een in Yeshua, maar nie eenders nie!
 - *One of the most common deceptions among Christians returning to the Jewish Roots of the Faith is the entanglement with unbiblical “Jewish” traditions and especially the Kabbalah and the Talmud! It is imperative that we understand that not everything “Jewish” is also “Hebrew” or Biblical. **Judaism is a religious system much like Christianity that its source is in the poisonous tree of Knowledge of Good and Evil.***
2. Is die twaalf stamme met hulle eie vandeels nie ook 'n heenwysing na die liggaam van Yeshua in die nuwe verbond nie? Verwys 1 Kor. 12:12 tot 31 – die liggaam is een, maar het verskillende lede. Onthou: *We play as individuals, but we win or loose as a team.*

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.